COMMUNITY NEWSPAPER

# GansBerg

Nuus/News

PRICE R15.00

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

26 September 2025

270ste Uitgawe

**TMS BOUERS**

Manny 082 675 8410

admin@tmsbouers.co.za

NHBRC No: 3000265163 / Reg No: 1999/031335/23

NHBRC

Since 1999

# Overberg 'Wind Farm'

Artikel op bladsy 2



066 515 5139

38 Industry Circle (old Pet Express)
Industrial Area
Gansbaai

TAPS TILES
SANITARYWARE
BATHS
PLUMBING SUPPLIES

GANSBAAI TAP & TILE

# MEET the team

OFFICE: 028 205 0100
Whatsapp: 066 225 4282



Michelle van Zyl: 078 010 8286
Owner / Advertising
michelle@gansberg.co.za




Melissa Van Rooyen
Graphic Designer
design@gansberg.co.za
Editorial Content
info@gansberg.co.za



Hardus Botha: 082 786 0494
Journalist
info2@gansberg.co.za



Tracy Hulme: 076 672 6283
Admin Assistant
tracy@gansberg.co.za



Freda Potgieter: 063 668 4577
Advert Representative
freda@gansberg.co.za



Janine Williams: 072 931 1431
Advert Representative
janine@gansberg.co.za


Red Rocket is tans besig met konstruksie van die grootste windplaas in Suid-Afrika, waarvan twee grootstes in Afrika in die Overberg. Die landskap aangrensend aan die R319 tussen Bredasdorp en Swellendam het alreeds drasties sedert Maartmaand verander. Agt meter breë paaie is tussen landerye deur aangelê, met groot standplase vir elk van die 54 turbines wat volgens verwagting in 2027 operasioneel sal wees.

Boere is/word uitbetaal vir die verlies aan inkomste weens hierdie reuse-web van paaie op hul plase. 'n 'Dorpie' het ook opgegaan langs die R43. Die projek is 'n reuse ekonomiese inspuiting vir Bredasdorp en Swellendam. Ongelukkig, soos dit maar met vooruitgang gaan, is daar ook 'n negatief aspek in die vorm van 'n vernielde pad hier betrokke. Veral die roete na Swellendam waar trokke, vol klip gelaai, anderkant Bredasdorp beweeg. Die soom van die pad is uitgekalwe. Diep skeure, waar die teerblad heeltemal uitgelig is, strek inwaarts na die middellyn. Die roete verby Bredasdorp, waar leë trokke beweeg, is dit nie so erg nie. Bydraend tot die gevaar van hierdie slaggate is daar ook nog die modus operandi van trokdrywers om veiligheidstrepe op die pad te ignoreer.

Een ligpuntjie is dat padwerkers besig is met die opvul van slaggate, so tussendeur die alreeds swaar verkeer. 'Stop & Go' reëlings is reeds ingestel. Overberg motoriste moet liefs die R317 (Stormsvleipad) en die R326 (Van Brakelstoor/Rietpoelpad) gebruik om die N2 te bereik.
(*Bron: redrocket.energy*)

**Carine Badenhorst**

# South Africa's Largest Wind Farm Now Under Construction

With reference to Carina Badenhorst's article on the Overberg Wind Farm in this edition, the *Gans-Berg News* took a closer look at remarks published on the project's website.
**Hardus Botha**

*Here's what has been said about the wind farm:*
In a major boost for South Africa's renewable energy sector, Independent Power Producer (IPP) Red Rocket has successfully reached financial close and begun construction of Phase 2 of the Overberg Wind Farm, marking a key milestone in the nation's clean energy transition.



Located 12 km west of Swellendam in the Western Cape, this landmark 400 MW project is set to become South Africa's largest wind farm, the second largest in Africa, and one of the top fifteen worldwide upon completion. The initiative strengthens South Africa's commitment to expanding renewable energy capacity while helping major corporations reduce their carbon footprint. In fact, with 1 239 GWh, it is also the largest wind farm with private off-takers in the world, supplying clean energy to multiple businesses through a multi-off-taker arrangement.

Phase 1 of the Overberg Wind Farm, which began construction in March 2025, is projected to generate 750 GWh of clean energy annually for Richards Bay Minerals (RBM). Phase 2 will add an additional 158 MW nameplate capacity for Discovery Green, enabling renewable power distribution to clients such as Impala Platinum Holdings Limited (Implats), Fortress Real Estate Investments, and Balwin Properties via wheeling mechanisms. The second phase is expected to produce over 489 GWh annually.

Red Rocket CEO Matteo Brambilla celebrated the achievement: "This marks an extraordinary milestone for Red Rocket. Reaching financial close for both phases of the Overberg Wind Farm and commencing construction is a testament to the collective effort of our partners and reinforces our commitment to driving sustainability through private-sector-led solutions." Brambilla added: "Beyond its immediate impact, the Overberg Wind Farm aligns with our broader ambition to expand renewable energy infrastructure across Africa and reaffirm our position as a leading IPP in our market. With 4 GW of projects either operational, under construction, or approaching financial close, we are making a significant contribution to South Africa's energy security and grid resilience."

Upon completion, the Overberg Wind Farm will feature 54 Goldwind GWH182/7.2 MW turbines, delivering a total installed capacity of 409 MW. The project is financed by Absa Bank, Standard Bank, and the Development Bank of South Africa.
(*Source: Red Rocket website*)


**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*










# Helpende Hand stig Gansbaai-tak



Helpende Hand het op Dinsdag, 9 September 2025, 'n nuwe Helpende Hand-tak in Gansbaai gestig. Dit het in die Gansbaai Family Church se kerkgebou plaasgevind en was 'n intieme kuiergeleentheid onder leiding van SJ du Venage. "Die byeenkoms is gekenmerk deur gesellige geselskap met graanaatsap en Tannie Anna se polvyntjies, waartydens die dringende nood in die gemeenskap aangespreek is," vertel SJ.

Die verrigtinge is deur Alisha de Lange (Streekshoof), Lize Theron (Streeksorganiseerder) en Dané Kotze (maatskaplike werker) bygewoon. Tydens hierdie stigtingsvergadering is Marié Nelson as voorsitter verkies, terwyl Lynette du Toit as sekretaresse aangewys is. Met die nasionale rugsteun van Helpende Hand kan projekte wat op plaaslike behoeftes fokus, nou ook in Gansbaai aangepak word - 'n broodnodigheid! Van kinders se skooltassie-projek tot oumas se brei-spanwerk, asook ondersteuning vir studente se studiegeld en maatskaplike werk - die nuwe tak wil graag 'n verskil maak.

"Met ons leuse, '*Ons sal Self*', is Helpende Hand deel van die Solidariteit-beweging, en het Gansbaai nou 'n platform waar ons saam kan werk om ons eie mense se lewenskwaliteit te verbeter," het die nuwe bestuur gesê. Gansbaai Helpende Hand nooi almal uit om in te skakel en deel te word van hierdie nuwe beweging vir hoop en selfdoen in ons gemeenskap.
Solidariteit Helpende Hand is 'n Christelike organisasie sonder winsoogmerk. Die organisasie is deel van die groter Solidariteit Beweging en is geskoei op die beginsels van die Helpmekaar-beweging wat in 1949 gevestig is. Werkskepping, selfstandigheid en volhoubare welstand binne en deur die Afrikanergemeenskap word bevorder. Die fokus val op maatskaplike opheffing, kulturele versterking en ekonomiese bemagtiging as die boublokke van 'n vooruitstrewende gemeenskap. Hulle benadering rus op selfhelp, selfbeskikking en aktiewe gemeenskapsdeelname. Helpende Hand ondersteun individue en gemeenskappe om verantwoordelik, funksioneel en selfstandig te leef deur projekte, opleiding, opvoeding en die vestiging van volhoubare netwerke en strukture.



Die organisasie dra spesiale sorg vir die beskerming van die mees kwesbare lede van ons gemeenskap: kinders, bejaardes en mense met gestremdhede. Hierdie groepe word ondersteun deur versorgings- en terapeutiese programme wat hul welsyn, veiligheid en waardigheid verseker. Belangstellendes in hierdie waardevolle organisasie se nuutgestigte Gansbaai Helpende Hand-tak kan vir Lynette du Toit by 083 448 1156 skakel vir meer inligting.

**Hardus Botha**










# Die Noodsaaklikheid van Gebaretaal

"Op versoek van 'n vriend, of ek nie die mees algemeen gebruikte gebare, soos *Goeiemôre, Goeiemiddag, Goeienaand, Hoe gaan dit*, ensovoorts, kan opstel, verduidelik en deurgee vir wanneer mense met dowes in die publiek te doen kry nie," het Martin du Plessis aan die Gans-Berg Nuus vertel.  "My antwoord was dat ek eerder die eenhand-vingerspelling sal aanbeveel alvorens jy met gebare begin.  As jy nie die gebaar ken of dit vergeet het nie, kan jy die woord of woorde vingerspel, met die moontlikheid om algemene gebare later aan te leer."




Martin het sowat 40 jaar gelede by die De la Bat Skool vir Dowes in Worcester vir 'n jaar lank elke Vrydag vir 'n uur lank gebaretaal aan sowat 200 mense geleer - onderwysers, administrasiepersoneel, koshuisouers, ouers van dowe leerlinge, lede van die publiek, ensovoorts.

Hy sê dat dowes - maar veral die meervoudiggestremde dowes - vir byna 20 jaar sy groot liefde was, en dit tot vandag toe steeds is.  "Ek wil graag elkeen van die 26 eenhand-alfabetletters se vorming verduidelik, sodat mense dit saam met die mees algemene gebare kan aanleer om met dowes te kan 'praat' of kommunikeer.  Daarom beveel ek die eenhand-vingerspelling sterk aan - want as jy nie die gebaar ken nie of dit vergeet het, kan jy eenvoudig die woord of woorde vingerspel."




Martin het intussen met 'n boek, 'Praat met die Dowes', begin.  Hy het reeds 'n inleiding oor *Gebaretaal as moedertaal vir dowes*, in vergelyking met Afrikaans en Engels as moedertale, geskryf.  Die hoofopskrif is 'Gebaretaal', waarin hy kortliks verduidelik wat die doel van algemene basiese gebare is wat die publiek kan aanleer om met dowes te kommunikeer.
Verder het hy 'n verkleinde fotostaat van die eenhand-vingeralfabet gemaak en daarna elkeen van die 26 alfabetletters se vorming met een hand so akkuraat moontlik probeer beskryf.  "My eggenote, Eileen, gaan dit alles eers met 'n swart pen vir my netjies oorskryf - sy skryf baie mooier as ek!"

Vir meer volledige inligting kan Martin du Plessis by 072 177 4697 geskakel word.

**Hardus Botha**






# Frida Kahlo Vroueoggend -'Ek is genoeg'-

Gedurende Januarie 2025 het die bestuur van Herberg aan See Tehuis vir Bejaardes (HaS) vir Chrizülene van Niekerk versoek om 'n funksie ten bate van HaS te reël, met die doel om hulle fondse te versterk. "Die kunswerke van die flambojante Mexikaanse skilderes, Frida Kahlo, met die woorde *'Ek is Genoeg'*, is as tema aanvaar en die voorbereidings vir dié funksie, met 'n driegangmaaltyd, is in alle erns maar met groot opgewondenheid begin," vertel Elsa Engelbrecht. "En die spreekwoord *'Vele hande maak ligte werk'* het hier regtig gegeld."



Met Gansbaai Superspar se mildelike bydraes, asook talle ander skenkings, kon die organiseerders die besonderse geleentheid in 'n vrolike en eg-vroulike blommefees van welwillendheid en omgee omskep. "Die gaste se uitrustings was 'n 'ontploffing' van helder Mexikaanse kleure en die skoenlappers kon behoorlik fladder van die een skouer na die ander," vertel Elsa. "Die sagte en prikkelende disse was heerlik voorberei, terwyl Hugo Nieuwoudt se sang en musiek menige gaste spontaan aan die dans gesit het."

Die befaamde motiveringspreker, Daniël de Kock, se spitsvondigheid het die gaste laat skaterlag en gesorg dat niemand daar weg is met 'n tekort aan *serotonien en dopamien* nie. Daniël het ook, met aanhalings uit die Bybel, die gaste verseker dat ons Skepper ons '*genoeg gemaak het*' - elkeen op sy/haar eie unieke manier. Daniël het die gaste begroet met die frase *"Who wants to walk when you've got wings to fly"*, met verwysing na Frida Kahlo wat op sesjarige ouderdom polio gekry het. Sy was, as gevolg van 'n ernstige busongeluk op agtienjarige ouderdom, selde sonder pyn.

"Lizz Meiring se eenvrouvertoning, *'Van die Rak af'*, was uitmuntend," vertel Elsa. "Haar vyf sketse het ons wisselende emosies laat beleef - van lag tot intense droefheid oor lyding." Elsa sê almal het huiswaarts gekeer met 'n mengelmoes-kardoes, volgepak met allerlei produkte. 'n Funksie van hierdie aard kan nie sonder borge en donateurs plaasvind nie. "Ek bedank graag elke borg en donateur van harte vir 'n oorvloed na skenkings en donasies," het Chrizülene gesê.

**Hardus Botha**















# Ons verken Botswana en Namibië -Deel 9-

In Deel 9 gaan ons voort met die egpare Fanie en Judy Bothma (toerleiers) van Franskraal, en Dolf en Elna Nel van Saldanha, se reis deur Botswana en Namibië (8 Mei tot 27 Junie 2025) - die tweede-laaste deel van die toerartikels. Elna Nel se kunstige dagboek, *BOT-NAM Avontuur*, is deurgaans as 'n bron van uitstekende inligting gebruik.

Op pad na Windhoek - Dag 41, 17 Junie 2025: Vanaf Swakopmund ry hulle na Windhoek. Die netjiese Arebbusch Lodge bied verskeie opsies vir verblyf. Elna vra daar waarvoor die "Areb" in Arebbusch staan. Dit is toe 'n voëltjie - 'n tipe swaeltjie - wat volop by die rivierlope voorkom. Een aand gaan eet hulle by Windhoek se beroemde Duitse restaurant, Joe's Beerhaus - 'n groot, interessante en baie gesellige kuierplek. Daarvandaan ry hulle suid na Seeheim vir oorslaap. Seeheim was deel van 'n Duitse dorpie met onder andere 'n ou treinstasie wat tydens die Duitsers se diamantkoors hoogty gevier het. By die Seeheim Hotel (daar was destyds drie hotelle) is ook ander indrukwekkende geboue. Daar is baie interessante stories wat destyds hier afgespeel het, soos die Duitsers en die "vriendelike dames" wat ingebring is vir geselskap - daar is selfs foto's van die dames in die hotel. Die afbrand van die hotel in 2018 is ook 'n storie van weerwraak en intriges.

Die Cañon Lodge word daarna aangedoen met die "jy móét dit sien"-gesellige eetplek, versier met baie ou motors en snaakse, humoristiese kennisgewingborde - onder andere: *"A meal without wine is called breakfast"*! Daar is heerlik tyd spandeer om die plek te bekyk en Fanie en Dolf het uiteindelik by 'n ou ambulans uitgepas gaan lê en "gewag om opgelaai" te word!




Windhoek se beroemde Duitse restaurant: Joe's Beerhaus.




Die Seeheim Hotel



Cañon Lodge, met Fanie en Dolf wat uitgepas by 'n ou ambulans lê.




Fanie en Judy by die beginpunt van die Visrivier-staproete, wat hulle jare gelede gestap het.

Die wiele rol weer en die volgende plek is die Hobas-kampplek in die nasionale park, sowat 11 km vanaf die Visrivier Canyon se uitkykpunte en ook die begin van die bekende Visrivier-staproete. "Die Visrivier Canyon met sy afgronde is die tweede grootste naas die VSA se Grand Canyon," vertel Fanie. 'n Foto is van Fanie en Judy by die beginpunt van die staproete geneem, wat hulle jare gelede as gesin saam met 'n voetslaanklub voltooi het. Die staproete is sowat 80 km lank en strek oor vyf dae, waar dit by Ai-Ais eindig. Nou rol die wiele weer in die rigting van Ai-Ais na hul kampplek, waar heelwat verblyfopsies beskikbaar is, asook swembaddens, 'n winkel en 'n restaurant. Die netjiese warmwater van die binnehuise swembad word terdeë geniet. Ai-Ais en die omgewing se indrukwekkende rotsformasies was 'n besonderse ervaring wat die toerspan baie geniet het.

Daarmee kom ons aan die einde van Deel 9, die tweede-laaste deel van die toer. In Deel 10 sluit hulle die toer af met die voertuie wat in die rigting van Ausenkehr draai.

**Hardus Botha**



Die verruklike uitsig oor die Visrivier Canyon.









# BUILDING FOCUS




















Janine:072 931 1431
janine@gansberg.co.za

Freda:063 668 4577
freda@gansberg.co.za

# Coastal Aluglass

*Products direct from factory to public!*

**We specialise in:**

* Windows * Frameless showers
* ALU Showers * Burglar Bars
* Clear Bars * Balustrades * Stackdoors

**Special offer on windows for winter**

Many years experience. It will pay you to contact us!

Office: 028 384 2236 / 072 855 8588
E-mail: coastalgansbaai@gmail.com

# Franskraal

Tool, Scaffold & Trailer Hire PTY

19 Fabriek str, Gansbaai Tel: 028 054 0073



# THE COLOUR BOX
Gansbaai

58 Main Road, Gansbaai
084 609 7777

Spring Savings

**ROCKGRIP PLASTER PRIMER**
White SB 5L R374
White SB 20L R897
WB 5L R252
WB 20L R794

**LUX SILK**
White 5L R658
White 20L R1799
B7 5L R695
B7 20L R2037
B8 5L R703
B8 20L R2169

**ACRYLIC PVA**
BRILLIANT WHITE 5L R417
B7 PASTEL 5L R 453

**PEARGLO**
White WB 1L R285
White WB 5L R649
WB B7 PASTEL 1L R288
WB B7 PASTEL 5L R649

**WALL CLAD**
White 5L R683
White 20L R1893
B7 5L R719
B7 20L R1998
B8 5L R762
B8 20L R2243
B9 5L R770
B9 20L R2424

**WALLGUARD**
White 5L R652
White 20L R1672
B7 PASTEL 5L R639
B7 PASTEL 20L R1707
B8 5L R676
B8 20L R2137

**ROCKGRIP SOFT VELVET**
White 5L R404
White 20L R1095
B7 5L R441
B7 20L R1235

**WEATHERGUARD FINE TEXTURED**
All Colours 5L R450
All Colours 20L pricing available in store

**ROOFGUARD**
All Colours 5L R590
All Colours 20L R1289






# Medical 911

CMC Critical Medical Care
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
PRIVATE AMBULANCE

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

Overstrand Medical Response
More Than Just EMS
078 699 6995
Private Ambulance Service
info@omrmedics.co.za

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335



# Maak jou veters vas... met Gans-Berg Nuus

Vrydag, 19 September 2025, ry ek saam met my vriendin en haar ma om afskeid te neem van 'n baie goeie jare lange vriendin, 'n ikoon wat gebore en getoë is in Napier en vir jare 'n onderwyseres by Laerskool De Villiers Graaf in Villiersdorp was.

Wat begin het met 'n baie stil rit waar elkeen van ons ons eie gedagtes gehad het om op ons eie manier moed bymekaar te skraap en 'n vriendelike gesig op te sit by die hartseer samekoms wat om 11:00 by die kerkie buite Struisbaai gehou is.

Hier ry ons by die plekkie in, net voor Struisbaai met die naam, EARTH Restaurant & Shop, Roete 319, Struisbaai, wat ek al telke male verby gery het, maar nog nooit ingeloer het nie...

Ons was redelik vroeg en besluit toe om tyd op te maak deur die plekkie so bietjie te verken en deur te loop.

My mens!!! Was my asem nou weg geslaan toe ons inloop!!

'n Fontein wat jou reeds by die hoofdeur begroet het en jou rustig maak soos jy by die hoofdeur inloop. Vriendelike dames wat jou met 'n breë glimlag groet en jou sommer dadelik tuis laat voel en jou na die restaurant-gedeelte verwys.






Ons besluit toe om sommer gou 'n koffie by die restaurant te drink, terwyl ons wag vir die tyd om verby te gaan om die diens by te woon, want kan jy nou meer, die plek het tot 'n kerkgebou op die perseel en 'n troulokaal ('Venue') - Rustic en Sjeik van formaat.
Ons bestel toe ons koffie en waarom dan nou nie 'n 'scone' om net die klein leë plekkie in die krop van die 'maag' vol te maak nie. Tot my verbasing was dit nie net een nie, maar 2 'scones', vars uit die oond, op die bord met room, kaas en hulle eie konfyt wat hulle op die perseel maak. Het ons nou lekker gesmul…

Die begrafnisdiens het toe in die pragtige kerkie plaasgevind en na die verrigtinge het ons weer daar by EARTH se restaurant bymekaar gekom vir iets koels om te drink en vir oulaas op te vang met familie en vriende voor ons die pad aandurf huistoe.

Na die verversings loop ek toe natuurlik met die kamera om fotos te neem van die mooiste besienswaardighede van die grond tot teen die dak. Met sagte musiek wat in die agtergrond speel, kan jy maklik wegraak in hierdie plekkie. Die allermooiste kerse, ornamente, wyne, klere, kunswerke, kinderspeelgoed, braaitoerusting en geskenke - te veel om op te noem. Julle moet dit self gaan sien om te kan waardeer.
Mense, as julle nou 'n plekkie wil sien wat alles en nog offer en die pragtige speelpark buite, groen grasperke vir die kinders en die diere wat ook daar is vir die kinders se genot, stel ek voor julle maak vinnig 'n plan om daar uit te kom.


En toe is dit mos nou tyd om te ry en die twee donkies staan by die uitgang en wag net om vir ons te groet, en ek moes toe stop en 'n foto neem. Soos ons stop begin die vriendin se motor se luierbelt skree… so kyk ek natuurlik rond dat niemand ons sien nie, en ons lag, maar die DONKIES kyk ons angsbevange aan en die ore skiet regop. Een begin skree en hardloop en kortkop is die ander een agterna… so glo my, so het ons dag toe nou met 'n skaterlag geëindig.

Gaan maak gerus 'n draai, julle sal nie spyt wees nie.



**Maak jou veters vas…**
**met Gans-Berg Nuus.**














## Emergency Numbers:

Gansbaai Municipality: 028 384 8300
Overstrand Municipality: 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013
Law Enforcement: 028 313 8996 / 028 313 8111
Disaster Risk Management: 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122
Fire Department: 028 313 8980 / 028 312 2400

Marine & Coastal Management: 028 313 2703

Ambulans Service Toll free number: 10177
1LifeRescue: Mark Robson - 082 414 9335
0861 13 13 11

CMC Critical Medical Care: 066 222 7219
Gansbaai Police Station: 028 384 0201 / 10111
OMR Community Medix 078 699 6995




## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Maryna Basson - 073 439 1979
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Nico Groenewald - 073 919 7777
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

# Agri Wes-Kaap vier jong boere by unieke funksie tydens Nampo Kaap

Agri Wes-Kaap het Dinsdag, 10 September 2025, 'n spesiale funksie aangebied tydens Nampo Kaap. Hierdie byeenkoms het sowat 150 jong boere bymekaar gebring - een van die grootste saamtrekke van jong boere in die Wes-Kaap en 'n funksie uniek in sy soort.

Die funksie, wat deur FNB as hoofborg ondersteun word, het gefokus op die kritieke rol van jong boere in die Wes-Kaap en Suid-Afrika. Jong boere is die draers van volhoubaarheid, innovasie en die toekoms van georganiseerde landbou. Die aand se program het verskeie hoogtepunte ingesluit. Die Agri Wes-Kaap Santam Jongboer van die Jaar, Francois Rossouw, het sy reis en ervaring van die kompetisie gedeel en jong boere aangemoedig om die geleenthede van georganiseerde landbou aan te gryp: "Wanneer mens na hierdie geskiedenis kyk, is die eerste gedagte wat by my opkom dat daar van vroeg af al in Suid-Afrika 'n behoefte was vir georganiseerde landbou... Dit is onmoontlik om op 'n individuele vlak sonder organisasies soos Agri SA en Agri Wes-Kaap 'n stem te hê, wat luister en ons boere se behoeftes kan oordra na 'n hoër gesag... Georganiseerde landbou het ons as produsente se samewerking en ondersteuning nodig."


*Villiers Loubser , Agri Wes-Kaap President en Minister Ivan Meyer.*

Die Wes-Kaapse Minister van Landbou, dr Ivan Meyer, het die jong boere toegespreek en die strategiese waarde van landbou in die provinsie en die land beklemtoon. As inspirasie vir jong boere, het avonturier en motiveringspreker, Peter van Kets, sy krag en ervaring in uithouvermoë- en avontuuruitdagings gebruik om 'n boodskap vandeursettingsvermoë, visie en volharding oor te dra.

Agri Wes-Kaap se Jongboerkomiteevoorsitter, Niel Bruwer, het die volgende benadruk: "Die Wes-Kaap is nie net die wynkelder van Suid-Afrika nie, maar ook dus die streek waar appel-, peer-, sitrus- en graanboere saamkom om 'n lewensaar vir die land en wêreld te wees. Tog lê die ware krag van hierdie sukses nie net in die grond of klimaat nie, maar in verbintenis - die hegte band tussen boere, werkers, gemeenskappe, en die aarde self. Die krag van verbintenis in die Wes-Kaap is meer as net 'n beginsel - dit is 'n werklikheid wat elke dag sigbaar is in vrugteboorde, koringlande en wingerde. Waar mense, natuur en markte in harmonie verbind, daar lê ware volhoubaarheid en seën."
(*Berig verkort: Hardus Botha, Gans-Berg Nuus*)

**Rojeanne de Wet, Agri Wes-Kaap Skakelbeampte**


*Niel Bruwer, Agri Wes-Kaap Jongboer voorsitter.*


*Francois Rossouw, Agri Wes-Kaap Santam Jongboer van die Jaar 2025.*


*Werner du Toit, FNB.*


*Peter van Kets.*

FREDA: 063 668 4577 / FREDA@GANSBERG.CO.ZA
JANINE: 072 931 1431 / JANINE@GANSBERG.CO.ZA

## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 26/09/2025 | Saturday 27/09/2025 | Sunday 28/09/2025 | Monday 29/09/2025 | Tuesday 30/09/2025 | Wednesday 01/10/2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| 19° | 18° | 17° | 21° | 22° | 18° |
| Fresh Breeze 9 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 9 m/s from south-east 0.1 mm precipitation. | Moderate Breeze 7 m/s from east 0 mm precipitation. | Light Breeze 3 m/s from south 0 mm precipitation. | Moderate Breeze 6 m/s from west 0 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 26 September | 0512 | 1719 | 1104 | 2327 |
| 27 September | 0541 | 1747 | 1132 | 2358 |
| 28 September | 0615 | 1821 | 1205 | 0039 |
| 29 September | 0705 | 1916 | 1257 | 0154 |
| 30 September | 0840 | 2119 | 1510 | 0200 |
| 01 October | 1057 | 2326 | 0414 | 1723 |
| 02 October | 1205 | 0027 | 0541 | 1822 |
| 03 October | 1247 | 0109 | 0631 | 1903 |
| 04 October | 1324 | 0147 | 0711 | 1940 |
| 05 October | 1400 | 0200 | 0748 | 2016 |
| 06 October | 0224 | 1436 | 0824 | 2052 |
| 07 October | 0300 | 1513 | 0901 | 2128 |
| 08 October | 0338 | 1552 | 0938 | 2206 |
| 09 October | 0417 | 1631 | 1016 | 2246 |

# CLASSIFIEDS

**FRIDGE & FREEZER Repairs**
Robert Pace: 082 895 4546

**CNC Sweis & Staal**
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**Maintenance Man**
*Noem dit en ons doen dit!*
Kontak Deon: 076 838 2890

**PLACE YOUR ADVERT HERE**

**BOSMAN VERWERS**
Kontak ons vir 'n kwotasie vir verf van Huise binne/ buite/ houtwerk of dak




Hennie & Elana Bosman
082 570 0907 / 082 533 3580

**GANSBAAI PROPERTIES**
028 384 1197 082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
We hold the key to your property

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**

**Anglo Windows**
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*
Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*
WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

**Technokil**
State Registered Pest Control Services
- INDUSTRIAL & COMMERCIAL PEST CONTROL
- BEETLE INSPECTIONS
- TIMBER TREATMENTS
- FUMIGATIONS
- FRIENDLY PERSONAL SERVICE



Free Quotations
Riaan van Niekerk
admin@technokil.co.za
082 878 7093

**FRANSKRAAL VEHICLE SERVICING**
CONTACT AUBREY
076 651 6789

**SPRINGBOKS**
**2025 SPRINGBOK FIXTURES**
Live Screening Events

Saturday
27 September
SA vs Argentina

Saturday
4 October
SA vs Argentina

Saturday
8 November
SA vs France

**PAVING**
Quality brick paving done by professionals



SERVICES INCLUDE:
* Courtyard paving
* Driveway paving
* Patios and pool decks paving
* Cladding
* Pool installations/renovations
* Marbeliting



STONE AGE PAVING
Contact Deon:
082 489 3988
stoneage.projects@gmail.com

**KLEINMOND SKRYNWERKERS**
Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

**HULP MET VUURWAPENLISENSIES**
Riaan Booysen: 074 203 6658
riaanbooysen@webmail.co.za

**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**
* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R680 per meter (Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal
Ons diens dek die hele Overberg
Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

**Te Koop**
'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. 028 384 0480



**UNITY SERVICE RECOVERY**
**ALCOHOLICS ANONYMOUS**
THERE IS HELP...
DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
060 597 5419
078 307 7783




# BRAIN TEASERS / KOPKRAPPERS

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B | S | S | W | F | C | R | E | G | G | I | R | T | U | O |
| H | Y | A | C | H | T | T | K | R | Y | H | G | N | I | D |
| P | O | N | T | O | O | N | I | E | S | H | D | A | R | G |
| F | O | V | K | A | Y | A | K | C | T | Y | H | C | E | H |
| I | E | N | E | U | T | R | O | I | W | D | D | I | N | F |
| S | A | R | A | R | O | W | W | E | S | R | S | O | O | T |
| O | T | F | R | R | C | H | A | U | D | O | V | A | O | R |
| G | F | E | F | Y | A | R | B | S | O | F | E | G | H | A |
| T | F | E | A | L | R | M | Ā | C | R | O | R | R | C | W |
| R | I | E | E | M | A | F | A | F | Y | I | A | R | S | L |
| O | K | R | O | R | E | Y | F | T | T | L | E | W | Y | E |
| C | S | R | I | N | H | R | O | A | A | Y | C | R | H | R |
| L | Y | N | F | F | A | E | L | S | E | C | C | E | H | R |
| R | E | L | I | A | R | C | G | A | L | L | E | O | N | A |

**CANOE**
**CATAMARAN**
**DINGHY**
**DORY**
**FERRY**
**GALLEON**
**HOVERCRAFT**
**HYDROFOIL**
**KAYAK**
**OUTRIGGER**
**PONTOON**
**SCHOONER**
**SCOW**
**SKIFF**
**STEAMER**
**SUBMARINE**
**TRAWLER**
**WHALER**
**YACHT**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 8 | | | |
| | | | | 4 | 9 | | | |
| 4 | 5 | | 6 | 7 | | | | |
| | 2 | | 1 | 3 | | | | 7 |
| | 4 | | | | 7 | | | |
| | 8 | 1 | | | | | 3 | |
| | 7 | | | | 5 | | 1 | |
| 5 | | | | 9 | | 2 | | |
| | | 2 | | 1 | | 3 | 9 | |






## ANSWERS

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R | O | B | N | N | C | F | R | N | C | L | C | D |
| E | R | W | L | C | Y | L | A | R | A | D | K | A |
| D | O | V | E | A | N | A | A | L | N | W | E | L |
| E | W | R | W | R | C | N | J | E | C | I | S | S |
| I | L | A | O | D | E | K | R | E | P | O | E | L |
| W | T | R | R | I | R | W | B | G | U | A | N | K |
| L | O | R | R | N | O | N | A | I | G | L | W | W |
| C | K | L | A | A | B | M | N | U | R | L | B | A |
| N | R | O | P | L | I | L | L | W | E | D | K | H |
| L | L | O | S | T | N | L | G | E | L | G | A | E |
| C | C | N | W | O | O | D | P | E | C | K | E | R |
| K | E | C | A | P | I | G | E | O | N | L | O | O |
| N | A | C | I | L | E | P | C | W | A | K | A | E |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 7 | 9 | 3 | 2 | 6 | 4 | 1 | 8 | 5 |
| 5 | 1 | 2 | 3 | 8 | 9 | 6 | 7 | 4 |
| 4 | 8 | 6 | 5 | 1 | 7 | 9 | 3 | 2 |
| 9 | 3 | 7 | 1 | 4 | 8 | 2 | 5 | 6 |
| 6 | 2 | 4 | 9 | 7 | 5 | 3 | 1 | 8 |
| 1 | 5 | 8 | 6 | 2 | 3 | 4 | 9 | 7 |
| 2 | 7 | 5 | 4 | 9 | 1 | 8 | 6 | 3 |
| 3 | 4 | 9 | 8 | 5 | 6 | 7 | 2 | 1 |
| 8 | 6 | 1 | 7 | 3 | 2 | 5 | 4 | 9 |

# Gansbaai Gholfklub


Johan Coetzee.

**Rene Myburgh se Spog Twee en Naaste aan Pen**

Saterdag, 20 September 2025 se Enkel Stableford kompetisie het goed vir Rene Myburgh verloop: 'n Spog Twee op no 15, asook Naaste aan die Pen (rooi bof). Solly Wessels het die kompetisie gewen.
Volgende Saterdag, 27 September 2025 vind 'n spesiale Memorium Gholfdag vir Daan Victor plaas.

**Woensdag, 17 September:**
Johan Coetzee wen die Sloegters Enkel Stableford kompetisie met 36 punte, gevolg deur Clive Bailey 35, Solly Wessels 34, Marie Fourie 33, Peet Pretorius 33, Dawie Viljoen 33, Bev Swart 33, Philip Taylor 32, Berty Sassman 31 en Barry Fourie 31.

**Vrydag, 19 September:**
John Smith wen die 9-putjie Enkel Stableford met 20 punte, gevolg deur Owen Huxham 20, Sakkie van der Merwe 20, Andre Hage 19, Corrie Avenant 17, Koos Myburgh 17, Deon Momberg 15, Pietie Dry 14, Faan Havenga 13 en Callie Lourens 12.

**Saterdag 20 September:**
Solly Wessels wen die Enkel Stableford kompetisie met 35 punte, gevolg deur Stephen Brown 34, Clive Bailey 33, Barry Fourie 32, Marie Fourie 30, Rene Myburgh 30, Cecil Galloway 30, Johan Coetzee 30, Hugo Groenewald 29 en Cobus Dippenaar 29.
Naaste aan die pen op no 15: Pieter Kruger (geel bof) en Rene Myburgh (rooi bof).
Spog Twee: Rene Myburgh op no 15.



Solly Wessels.


John Smith.

**Saterdag, 27 September:**
Kompetisie is 'n 4BBB Stableford - Preferred Drive. Dit is 'n spesiale Memorium Gholfdag vir Daan Victor. Die pryse word geborg.

**Verjaarsdae:**
Edmund Halse 19de, Deon Coetzee 24ste, Dawie Viljoen 26ste en Awie van der Merwe 28.

**Groete,**
**Johan Coetzee 082 878 0534**



Contact us:
Janine:
072 931 1431
janine@gansberg.co.za
Freda:
063 668 4577
freda@gansberg.co.za

Tax Compliance & Administration Services
WE OFFER BUT ARE NOT LIMITED TO:

- Registrations of:
  - Income tax
  - VAT
  - PAYE
  - UIF
  - AND SDL's
- Income Tax calculations for:
  - Companies
  - Close Corporations
  - Trust
  - And Individuals
- Submissions of income returns via E-Filling for above mentioned entities
- Calculation and submission of provisional tax returns via E-Filing.
- Dealing with enquiries, verifications and audits from SARS
- Tax planning advise.
- Request Tax clearance certificate.



Coetzee & Co Accountants
A: 56 Barnard Street, Gansbaai T: 066 231 8831 / 028 007 0225 E: info@coetzeeandco.co.za



# Gans-Berg Nuus/News

2301 7238

6 001224 624601

*Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford*






Galvatech
Corrosion Protection Specialists

Galvatech - Korrosiebeskerming Spesialiste diens nou
Gansbaai en Omgewing!




Beskerm jou staal teen die elemente met Galvatech se gehalte-afwerkings - vinnig, betroubaar en professioneel.

- Hot Dip Galvanisering
- Industriele Spuitverf
- Epoxy Powder Coating
- Galvanisering SANS 121 Goedgekeur
- Shot/Sand Blasting

Of jy nou 'n boer, kontrakteur of ingenieur is - Galvatech help jou om jou staalwerk reg te beskerm, die eerste keer!

Diens beskikbaar in Gansbaai en omliggende dorpe - Skakel vandag nog of besoek galvatech.co.za

021 951 1211
066 474 6967
sales@galvatech.co.za


# Graad 3's se 'Ruimte-Reis



Laerskool Gansbaai se Graad 3-leerders het op Vrydag, 12 September, 'n groot voorreg beleef - 'n Ruimte-Reis na die Maan! "Die entoesiasme en opgewondenheid was tasbaar in die gange en elke 'ruimteganger' kon met hy/sy eie suurstofpak spog," lui die mediaverklaring. Dan praat mens nie eens van die ruimte-toerusting wat besigtig kon word nie - wat 'n belewenis vir hulle. Nie aldag wat so iets in Gansbaai gebeur nie.

**Hardus Botha**




## Are you looking for an establishment in the Overberg?

Xplorio is your go-to online platform where you can find anything and everything from places to eat, businesses, things to do and even info about the town.

xplorio OVERBERG
*The Power of Community*

LET'S CONNECT

info@xplorio.com 072 519 2138 xplorio.com